

Hein Viljoen
Departement Afrikaans-Nederlands
VERSKEIDENHEID EN SAMEHLANG
IN D.J. OPPERMAN SE KOMAS*

Komas uit 'n bamboesstok: D.J. Opperman, Human en Rousseau, R12,50 plus AVB.

Die verskyning van Opperman se magistrale nuwe bundel, *Komas uit 'n bamboesstok*, is seker dié literêre gebeurtenis van 1979. Ek sê magistraal, want hier sien 'n mens die Oude Meester op sy stoutste, sy vernuftigste en op sy naakste.

Die bundel vertel die verhaal van Opperman se siekte in sewe rolle met 'n pro- en epiloog. Die sewe dui op die sewe maande wat Opperman fetus was as gevolg van sy siekte en op 'n nuwe volmaaktheid wat uit die siekte ontstaan het. Die eerste rol is 'n inleiding waarin van die belangrikste motiewe in die bundel bekendgestel word en die oorspronge, van die siekte onder andere, aangedui word. Daar is suggesties van samehang, selfs 'n te intieme en sieklike samehang, en heelheid. In rol twee gaan die soektog na oorspronge voort, miskien in 'n meer „Geestelike” rigting: daar word gespeur na die sogenaamde kollektiewe onbewuste.

Die siekte begin in die derde rol. „Vergiftig deur Roxy” dui die oorsake aan. Die rol eindig met „Roudiens, Gansbaai” vir die heer „Dirk van Dyk van Duynefontein”.

In die vierde rol raak die sieke in 'n beswyming of koma in die beeld van Glaukus wat „onder die waterlyn (sink)”. Die koma duur voort in beelde soos die kraai, die vrieskas, die „rus in roes” van 'n lokomotief. In rol vyf is die sieke nog steeds in die koma, maar aan die einde van die rol is daar hoop op redding („Bontekoe”). Met „Aanraaklied” word gesuggereer dat die sieke uit die see herbore word. Eers met „Glaukus Klim uit die Water” word die koma beëindig en begin die langsame groeiproses van „fetus tot professor”: eers bobbejaan, dan kind („Gesponste Lei”), en uiteindelik weer volwassene. Daar is suggesties van seksuele herontwaking, maar in die laaste twee gedigte van rol ses weer van aftakeling.

Die sewende rol begin met 'n verandering van lewenswyse, 'n nuwe begin

* Oorspronklik verskyn in *Die Vaderland* van 20 Desember 1979.

(„Fees van die Eerstelinge”) en die dood van (die ou) Opperman. Daarna is daar tekens van nuwe samehang en herstel. Met „Tweede Huwelik” is die herstel en vernuwing dan volkome. Al wat oorbly, is „Seremonie van die Naelstring” waarin die herborene finaal selfstandig word, die band tussen kunstenaar en skepping afgesny word. En die bundel oorhandig word. Ten slotte word erken „ons ... kry ’n tydelike tunnel/as peilers van die groot domeine”. Daarom kan die slotwoorde van die bundel wees: „Deo Gratias Amen. Amen”.

Komas is in die eerste plek ’n baie persoonlike en baie openhartige bieb, ’n belydenisbundel, oor Opperman se lewerversaking, die oorsake daarvan en sy „wonderbaarlike” herstel nadat hy feitlik as dood aanvaar is. Daardie selfde Opperman wat so smalend kon praat van ’n skaamtelose geestesnaaklopery”, sit hier, soos A.J. Coetzee van Breytenbach gesê het, pens en pootjies binne-in die gedig. Dit is al duidelik uit die stofomslag: ’n volbladfoto van Opperman se gesig waaruit verwering en ontbering duidelik spreek.

Die leser word in die bundel duidelik die weg gewys na Opperman se huis in Thibaultstraat 3. Later word sy telefoonnommer gegee. Sy doodsberig staan hierin. Maar ewe duidelik word die leser weer weggewys van Opperman se sy persoonlike lyding na die lyding van die mens in die algemeen („Wegwyser”). Dit gaan nie om Opperman as individu, om ’n persoonlike lot nie, maar om Opperman as méns, om die *Condition humaine*. Dis nie ’n narcistiese, of estetiese vertroeteling van die ek nie, maar ’n manmoedige blootstel, aftakel uitgiel van die ek in ’n groot aantal beelde, maskers en gestaltes: Marco Polo, Bontekoe, Odysseus, Tafelberg, mossie, varksoort („Durty-dirkie”), rooi-aas, die *Titanic*, Ou Taai Koen”, ensovoorts. Hierdie lysie gee al ’n klein aanduiding van die ontsaglike rykdom van dié bundel.

Selfironisering, „sardoniese plesier” in sy eie aftakeling, voorkom verder dat die bundel ekbehep of egosentries word. „Die Mens is Metafoer en Meer” (p. 103) sê duidelik wat die eintlike doel van die bundel is:

alles wat jy raak
word beeld, simbool:
skroewedraaier, geld
word wisselkoers
die mirakel
van Armstrong op die maan:
mistiek
van ’n Goddelike Komiek.

Ook Opperman se manewales is maar deel van ’n groot Goddelike Komedie. Daarom kan Opperman op die ou end van homself en Marco Polo praat as „die twee mislukte houbous van die Here” (p. 137). Daarom kan hy ook

sy siektetoestand, wat hy self veroorsaak het, so genadeloos blootlê soos in „Ovidius Praat Mooi met Rooi-aas op Franskraal” (p. 106):

Nou jôu stinkende geval:

jy is minus skelet,
arms, been en been
'n terugstort
in 'n groter bestek
tot amper plant:

nou bêre in 'n beursie: jôu rooi klip,
'n vuur
wat geen waterkan afkoel
en jy die ewige pomp, pomp
van oseane
deur jou toegevatte oë voel.

So iets is al ámper 'n allegorie.

Verskeidenheid

Komas is 'n bundel met 'n geweldige wye verwysingsveld. Die eerste kring daarvan is Opperman se siekte. Daaruit spruit voort die talle siekte-beelde en verwysings na medisyne en mediese dinge: blinkers en bokkensvet, belladonna, Roxy, „Tygerberg”, ensovoorts. Dit is die kring van *koma* in die sin van „volkome bewusteloosheid” en van *bamboesstok* as „stokkie, manlike roede” as die oorsaak daarvan (vergelyk A.P. Grové in *Tydskrif vir Letterkunde*, November 1979, daaroor).

Die tweede kring is Opperman se persoonlike voorgeskiedenis: die *Herinneringe* van sy vader, sy dagboek, sy seunsjare. Hierby sluit aan Opperman se persoonlike lewe, die verwysingskring van hedendaagse Suid-Afrika, waarin die KWV, *Die Burger*, Stellenbosch, die Boland bekende dinge is. Baie mediese dinge pas ook in hierdie kategorie.

'n Volgende verwysingskring is die Bybel. Bybelse dinge in *Komas* is onder andere Noag se kraai, die varke van Gaddara, die duiwel, Onse Vader, armageddon, Christus en, les bes, 'n tweede sondvloed.

'n Besonder ryk en nuttige verwysingskring vir dié bundel is die reise van

Marco Polo en die ryk van Koeblai Khan. Dis 'n wêreld vol eksotiese dinge soos die olifant, die sywurm en fabelagtige skatte. Dis die basis vir 'n hele paar gedigte, onder andere „Tai Khoen”, „Bye”, „Reisende Dorpe”, Dirk der Duisende” (vgl. Grové hieroor). Laasgenoemde titel dui op Marco Polo se bynaam: *Gens Millenes*, Man van Duisende.

Die titel van die bundel is veral uit hierdie kring ontleen. *Koma* kan ook beteken „hare” of „sydraad”, en dui so die sywurmkokonnc aan wat Marco Polo-hulle uit die Ooste gesmokkel het. In „Tweede Huwelik” word koma en kokon implisiet gelykgestel. Met die kokonne binne-in kan mens die bamboesstokke ook as kokers beskou. *Koker* sinspeel weer op Opperman se eredoktorsgraad en op die bundel self. Die sewe (boek)rolle waarin die bundel verdeel is, hou ook verband met *koker*.

Nog 'n verwysingskring kan mens aandui as die historiese. Hieronder val gedigte soos „Die Slag van Tugela”, maar veral die Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Daar word verwys na die Eerste Taalbeweging, Leipoldt, Van Melle, „Ons Liewe Liesbet van die Lettere” en Van Heerden. 'n Mens kan dié kring nog 'n bietjie wyer trek sodat dit die wêreldletterkunde insluit. Daar word onder andere verwys na Coleridge, Ovidius, Odysseus, Dante, Keats en Wells. Dit maak die bundel by uitstek „voer vir literatore”.

Verwysings na die see en seelewe, Franskraal en omgewing speel, veral in die vierde rol waarin die verbanning, „die tydelike dood”, die „rus en roes” beskryf word, 'n belangrike rol.

Opperman noem die bundel 'n volksboek. Die titelbladsy stem glo noukeurig ooreen met van die mooiste Nederlandse volksboeke. Daarom is die volksboek van Bontekoe ook 'n belangrike verwysingskring vir die bundel, getuie gedigte soos „Voorschrift aen Clercken”, „Bontekoe” en „aankoms by Cabo de Boa Esperança”.

Die volkslied van dié bundel strek egter veel verder as dit. Ons tref hier volkse spelling aan, volkstaal en volksmedisyne. 'n Mens kan selfs die bundel in deel in die volkse verskeidenheid van iemand soos Bredero se verse: Boertich, Amoreus en Aendachtigh. Tipies volks is ook so 'n inventaris soos „Fees van die Eersteling” (p. 112). Dis 'n „gedig” wat feitlik uitsluitlik van stof uit die kring van Opperman se persoonlike lewe gebou is. Die *Burger* en die KWV kom albei daarin voor.

Dit skakel egter ook op subtile maniere met ander kringe en ander gedigte. „1 000 liter druiwesap – self gekoop” hou verband met die siekte en drankbeelde in die bundel. So 'n gedig staan in dieselfde tradisie as „Dopper Joris en syn sieltjie”. Deur die oproep van rykdomme hou dit verband met „Tai Khoen” en die wêreld van Marco Polo en Koeblai Khan. Ewe volks is die neiging om Afrikaans en Engels te „mix”.

Dis opsetlik dat ek hier redelik lang lyste dinge opnoem, want Opperman werk in dié bundel baie met enumerasie, met „die aarde se katalogus” soos hy dit noem („Glaukus Klim uit die Water”, p. 88). Enumerasie is ’n kenmerk van al Opperman se poësie, maar met hierdie bundel sluit dit ook sterk aan by die neiging tot enumerasie in die poësie van ’70.

Opperman het egter ook die vermoë om lyste dinge in ’n groter geheel, ’n samehang te laat opgaan. „Asof vanself” word „die verband begryp” („Gereedskapsgesels Lei tot Omhels”, p. 105). „Aankoms by Cabo de Boa Esperança” is ’n voorbeeld hiervan. Na ’n lang lys afsigtelike dinge – roeswater, kotsklonte, maaivaters, groen skittery – loop die „elemente” uit op „siroop van calamento/*Den Lusthof der Maatschappij*”. Nog so ’n gedig is „Aardkloot”, waarin al die elemente uiteindelik ook weer saamgetrek word tot: „die aarde hang, deursigtige grond” (p. 129). Op dieselfde wyse word die verskillende grondstowwe in „Grondstowwe by die Siklus van Seisoene” in IV „Somer” opgeneem in ’n groot samehang, wat boonop sintakties en klankmatig in die aforistiese slotverse uitgedruk word:

die hele wêreld gis, gebreekte dop en mos
daar is geen ander dorp soos Stellenbosch (p. 121).

Dis merkwaardig dat hierdie samehangsgedagte die duidelikste in die sewende rol na vore kom: dis immers die rol waarin die herstel volkome word, die reis beëindig word, net voordat die naelstring in die epiloog geknip word. Opperman se digterlike werkswyse word soos volg opgesom in „Dirk der Duisende”. Aan die einde is die groot samehang weer eens duidelik:

Hy hou van heilige herhalings,
hy wat van drie mense tril,
hy raak begoël
bedryf die hiperbool.
alliterasies, enumerasies,
’n wisseling van lywe,
van deugde en van euwels,
sekresies van die kliere, niere,
’n huppeling van heupe, ’n delirium,
’n Vallei van Duisend Heuwels (p. 36).

Hier word ook belangrike sirkulerende motiewe van die bundel aangeraak. *Delirium* en *begoël* sluit aan by *komas*. Hier is ook sprake van die seksuele. Ander sirkulerende motiewe is onder meer drank, siekte, reis, mirakel, kriek, by, sywurm en olifant. Hierdie dinge dra by tot die eenheid van die bundel.

Verstegniek

Die vent in hierdie bundel sou nie naastenby so interessant gewees het as hy nie ook oor 'n formidabele vormvermoë beskik het nie. *Komas* kan selfs *kommas* wees en aldus dui op die gedig self wat dan ontstaan uit stokkie, bamboesstok, die verskillende verwysingswêreld, koker, ensovoorts. Vers-en strofobou in hierdie bundel is vry en eksperimenteel. Die rym is selde vas of patroonmatig. Een van die min gedigte met 'n vaste rymskema is „Wegwyser” met sy avontuurlike ryme: Isfaha/Opperman, robynrooi/Du Toit, Cloetes/wynroetes. Wat nogal dikwels voorkom, is gebroke rym (abcb) – 'n tipiese volkse rymskema. Origens skep die rym die indruk van lukraak of toevallig te wees, asof die digter per ongeluk op die rymwoord afgekom het. 'n Voorbeeld hiervan is „Van die Skrywer van My Doodsberg” (p. 113). Dis verbasend dat die digter in hierdie prosaïese brief sulke doodnatuurlike rymwoorde kon vind.

Die bundel is besonder klankryk, asof om te vergoed vir die gebrek aan rym. 'n Besonder klankryke gedig is „Vreters van die Bossie”. Hier is die klankrykheid gepas, omdat die gedig handel oor 'n byna patologiese drang om te praat of te skryf. In die slotstrofe bereik die klank 'n klimaks. Veral die twee slotverse maak hulle betekenis hoorbaar:

en baleinse deinings in die oerkreun
en -snork van onderoseaanse orrels.

Hierdie strofe bevat as 't ware 'n hele toonleer van die gesnork, gesis en gespoel van die see.

Hoe belangrik klank in dié bundel is, wil ek illustreer met „Onse Vader” (p. 31). Die gedig is gebou rondom 'n kernreeks vreemde woorde wat almal iets met spiritisme of skilderkuns – die vader se stokperdjies – te doene het. Hierdie kernwoorde staan in die bevoorregte posisies aan die begin en einde van die vers. Verreweg die meeste van hulle het boonop 'n opvallende p-klank: *spiritus*, *skrywende plank*, *portrette*, *ontwerpplansjette*, *pastelle*, *ateljee*, *palet*, *gepaste*, *apprentisse*, *gipsmodelle*, *gipsgesig*, *ektoplasme*. Deur die titel en die spiritisme word die aardse vader langamerhand ook 'n Hemelse Vader en die kind van destyds die man van vandag. Weer 'n geval van „bifokaal kyk”.

Koma het nog 'n derde betekenis: die newel wat rondom die kern van 'n komeet ontwikkel as dit die son nader. Dit bestaan uit klein deeltjies en gas en gee lig wat afkomstig is van 'n verskeidenheid deeltjies van verskeie golf-lengtes af. Die verskeidenheid van die bundel kan 'n mens miskien met hierdie betekenis van *koma* in verband bring. Vir my dui dit egter op 'n soort elementale energie wat van die gedigte in hierdie bundel uitgaan. Dis die idee

van voortdryf, looi, 'n drang, 'n lewensdrif; iets wat ek miskien die beste kan aandui met 'n aanhaling uit „Glaukus Klim uit die Water”:

en alles stuif en teel,
is geil en naak;
en duif en boek
en vrou en alles ruim na sout en see,
bamboes en meeu
en alles dien ek bifokaal.

Nog twee uitings van hierdie kreatiewe drang is, in die taal van die bundel, „sardoniese plesier” en „fenijn” — dié dinge wat spreek uit die opname van jou eie doodsberig in 'n digbundel; dinge wat van *Komas uit 'n bamboesstok* 'n groot en indrukwekkende bundel maak.

**